Hoërskool Swartland

Hoërskool Swartland
Beheerliggaam
Ekstra vak beleid

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 29/10/2018

EKSTRA VAK SKOOLBELEID

1. 'n Gemiddelde persentasie van 70% of meer moet in gr. 9 behaal word, indien 'n ekstra vak in gr 10 tot 12 geneem word.

2. Die ekstra vak moet van die begin van gr. 10 geneem word.

3. In die Junie-eksamen van gr.10 moet die leerder 'n gemiddeld van 60% of meer vir die ekstra vak behaal.

4. 'n Leerder wat 'n ekstra vak neem, moet twee (2) keer 'n week by die personeellid wat die vak aanbied, inligting en opdragte kry.

5. Alle SBA-take moet op tyd ingehandig word.

6. Die volgende vakke kan nie as ekstra vak geneem word nie: IGO, CAT, Rekeningkunde, Verbruikerstudie, Drama.

7. Die koste vir alle ekstra vakke wat deur die personeel van Hoërskool Swartland aangebied word, is R400 per kwartaal per vak.

8. 'n Leerder wat 'n ekstra vak neem moet in ag neem dat hy/sy in 'n eksamen tot soveel as 2 vakke op een dag kan skryf.

9. 'n Leerder wat 'n ekstra vak in gr. 12 neem, moet die vak voltooi en mag dit nie gedurende die gr. 12 akademiese jaar staak nie.

10. Leerders in gr 10 & 11 moet die ekstra vak voltooi in die akademiese jaar wat hy/sy dit begin neem het en mag slegs in die begin van die volgende akademiese jaar die ekstra vak staak.

11. Geen leerder wat toestemming tot Alternatiewe Assessering ontvang het, mag 'n ekstra vak neem nie.

<u>Beleidswysigings</u>

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 29e DAG

VAN Oktober 2018.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof